# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### Groete aan al die Rynie huisgesinne!



Kwartaal 1 van 2026 is iets van die verlede en ons is dankbaar dat ons die kwartaal suksesvol kon afhandel. Die Rynies het weer op alle gebiede presteer naamlik akademie, sport en kultuur. Die sukses van kwartaal 1 gee weer hoop vir die toekoms!

**Die skole sluit môre vir die skoolvakansie en open weer Woensdag 8 April 2026.**

**Let daarop dat daar môre geen skool is vir die Gr 1-7 leerders is nie.**



**Leerders kry hulle rapporte by hulle registerklasse tussen 07:00 - 08:00 en gaan dan onmiddelik huistoe.**

**Geen rapporte is in die voorportaal beskikbaar nie.**

**Naskool is normaal oop soos in die vakansie.**

NUUSBRIEF 11 VAN 2026

*26 MAART 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD




**Paasnaweek val ook hierdie jaar in die vakansie en ons wens al die Rynies ‘n geseënde paasfees toe!  Geniet die vakansie as gesin saam en reis veilig as u weggaan.**

## PERSONEEL:




Baie geluk aan Juf Chelandré met die geboorte van haar babaseun, Hendro!






Ons groet vir Juf. **Roneldi Montinaro** na 33 Jaar se getroue diens.  Baie dankie vir die lang en lojale pad wat u saam met Laerskool Rynfield gestap het.  Ons wens jou alle sterkte met die toekoms toe en glo dat jy baie gelukkig gaan wees. Die Rynies gaan na jou verlang!

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KOSKAS:

‘n GROOT dankie aan die gesinne wat ‘n Paasfees bederfpakkie vir ons gesinne saamgestel het. Dit word opreg waardeer. Mag die Paasfees vir al ons gesinne ‘n wonderlike familietyd saam wees.






NUUSBRIEF 11 VAN 2026 *26 MAART 2026*


# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD













# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD









# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD



### Rynie Skaaknuus

Na die afhandeling van die skaakrondomtalie, het die volgende spelers hulle plek oopgespeel in die onder 13 en onder 11 spanne:

| *Onder 13A* | *Onder 13 Dogters* |
|---|---|
| Mia Pieterse | Mia Pieterse |
| Rickard de Bruyn | Lumé du Plessis |
| Zuan Volschenk | Engeli Boshoff |
| Lumé du Plessis | Caitlyn Havenga |
| Juan van Nieuwenhuizen | Mieke Botha |
| Engeli Boshoff | Lucarli Marx |
| Julian Gouws | |

| *Onder 11A* | *Onder 11B* |
|---|---|
| Kemuel Fensham | Stian Coetzee |
| Luan Botha | Kaylee Naude |
| Keagan Clark | Hanno Pieterse |
| Liam Havenga | Ruben Kilian |
| Engeli Boshoff | Liam Carstens |
| Gabriël van der Westhuizen | JC Reynders |
| Jurgen Joubert | Iwan Janse van Noordwyk |

Ons het ongelukkig nog nie 'n volledige onder 9 ligaspan nie. Ons moedig alle graad 3's wat verlede jaar Beginnerskaak gespeel het om te kom oefen op Dinsdae en/of Donderdae 14:00 tot 15:00.





Maats wat nie verkies is tot 'n span nie, kan nog steeds kom oefen om te verbeter vir volgende jaar!

BELANGRIKE DATUMS!!!

**Individuele Skaakkompetisie:**

25 April 2026

Ridgewood College

07:00 tot 15:00

Enige speler kan deelneem wat in die ligaspanne is.

Dit word nie aanbeveel vir die Beginners nie.

Inskrywingsfooi van R85,00 is betaalbaar by Juffrou Leonie voor 17 April 2026.

**Span Skaakkompetisie:**

13 en 20 Junie 2026

Laerskool Westwood

07:00 tot 15:00

Skaakoefening gaan steeds voort soos voorheen gereël!




# RYNIENUUS




LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKARRE:








NUUSBRIEF 11 VAN 2026 *26 MAART 2026*

# RYNIENUUS




## LAERSKOOL RYNFIELD

**Kultuur:** Aan al ons kultuurdiere, ouers en personeel, baie dankie vir 'n suksesvolle Kwartaal 1 op alle kultuurvlakke. Julle entoesiasme en toewyding het elke projek laat blom. Ons sien uit na Kwartaal 2, vol nuwe idees, kreatiewe hoogtepunte en onvergeetlike kultuurmomente!

**Spreekkoor:** Onthou ons begin in kwartaal 2 met ons spreekkore, Gr. 1-3, Gr. 4-5 en Gr. 6-7. Meer inligting sal volgende kwartaal in die nuusbrief verskyn.

**Koor:** Hier is 'n paar van ons beoogte optredes wat voorlê:

- Snr koor Collegium Musicum Koorfees by NG Kruin -10 April
- NG Rynfield Jnr en kleuters - 12 April
- Jubilaté Braaibroodjiefees Jnr en Snr - 30 Mei (oggend)
- Massakoor by Ridgewood College choir festival -19 Junie
- Rynpark ouetehuis optrede - moet nog datum bevestig
- St Andrews kerk Snr koor - moet nog datum bevestig (Einde Mei/ Junie)
- Dell'Arte - 14 Aug (Jnr en Snr. Hul mag moontlik vir ons kleuters 'n afdeling skep)
- Vivarte - 13-17 Aug
- Eisteddfod 28 Aug-12 Sept

**Debat:** Die debatseisoen is om die draai! Daarom wil ons al die debateerders se kennis opskerp.

**Datum: 24 April 2026 - Tyd: 14:00 - Plek: L/S Rynfield skoolsaal**

RSVP asseblief teen 13 April by juffrou Juazelle sodat die nodige voorbereiding getref kan word. Ons vra dat al die voorlopige spanne van 2026 die werkswinkel sal bywoon.

**Public Speaking:** Ons Interne Public Speaking vind op die volgende datums in die skoolsaal plaas:

**Gr. 4-7 Maandag 4 Mei - Gr. 1-3 Dinsdag 5 Mei**

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

**Skool sluit:**

**Vrydag 27 Maart**

- Rapporte word uitgedeel vanaf 07:00-08:00
- Naskool oop vanaf 07:00

**Vakansiereëlings:**

Oop vanaf 07:00-17:30 op die volgende dae:

Maandag, 30 Maart – Donderdag, 2 April

Dinsdag, 7 April

**Gesluit gedurende paasnaweek.**

Sien ander reëlings wat die vakansie betref in nuusbrief 10 (19 Maart 2026).

**Vriendelike versoek:**

Registers word 08:00 geneem, waarna die beplanning vir etes vir die dag gedoen word.  Ons vra dus dat indien u kind/ers die dag die naskool gaan bywoon, dat hulle reeds teen 08:00 hier sal wees.
Indien u kind/ers later afgelaai sou word, stel asseblief
Me. L. van Zyl voor 08:00 in kennis (0609230672) sodat die nodige beplanning gedoen kan word.



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

